Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Inrigtingsbestuur-en-beheer-beplanning

Verwysing: 20200629-6701
Lêerno.: 12/12/2/P
Navrae: DD Louw

Omsendbrief: 0019/2020
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders en Prinsipale en Lede van die beheerliggaam van openbare skole

Kort opsomming: *Finansiële jaarstate moet opgestel en by die Hoof van die Departement ingedien word.*

Onderwerp: Opstel en indien van finansiële jaarstate

1. Ingevolge Direktief 17 van die wysiging aan die direktiewe wat uitgereik is kragtens Regulasie 4(3) van die Regulasies, uitgevaardig onder artikel 27(2) van die Wet op Rampbestuur, 2002 (Wet 57 van 2002) en gepubliseer in *Staatskoerant* No. 43465 van 23 Junie 2020, is die volgende direktief oor die opstel van finansiële jaarstate en die indien daarvan by die Hoof van die Departement, uitgereik.

2. In gevalle waar die finansiële jaarstate van 'n skool nie aan die einde van Maart 2020 kragtens artikel 42(*b*) van die Suid-Afrikaanse Skolewet (SASW), 1996 (Wet 84 van 1996) soos gewysig, ingedien is nie, moet die beheerliggaam die finansiële jaarstate opstel en teen 31 Julie 2020 indien.

3. In gevalle waar die finansiële jaarstate van 'n skool nie by die Hoof van die Departement teen 30 Junie 2020 ingedien is kragtens artikel 43(5) van die SASW nie, moet die beheerliggaam 'n afskrif van die geouditeerde of nagegaande finansiële jaarstate teen 30 September 2020 by die Hoof van die Departement indien.

4. Maak asseblief seker dat die inhoud van hierdie omsendbrief en riglyne onder die aandag van alle betrokkenes gebring word, ingeslote die skool se ouditeur.

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2020-07-28

Laer Parlementstraat, Kaapstad, 8001
Tel.: +27 21 467 2000 Faks.: +27 21 483 7658
Veilige Skole: 0800 45 46 47

Privaatsak X9114, Kaapstad, 8000
Indiensneming- en salarisnavrae: 0861 92 33 22
www.westerncape.gov.za